

# WOLBOER
# WOOL FARMER

2013/2014

NWKV Nuusbrief 11 / NWGA Newsletter 11

**BKB is die hoofborg van hierdie nuusbrief.**



## VOORWOORD

Met die jaar op sy einde is dit weer tyd vir 'n terugblik. Vir die wolbedryf was dit in die algemeen 'n baie goeie jaar. Wolpryse is op hul hoogste vlakke in dekades, terwyl aanduidings is dat produksie dié seisoen vir 'n tweede agtereenvolgende jaar gaan styg. Die verwagting is ook dat die wolmark sy momentum in die nuwe jaar sal behou.

Maar dit was egter nie so 'n goeie jaar vir 'n groot aantal boere wat steeds gebuk gaan onder een van die ergste droogtes in jare nie. Lees in dié uitgawe hoe 'n NWKV-bestuurslid saam met vriende geld help insamel vir dié boere wat nog vir lank hulp gaan nodig kry, selfs al reën dit binnekort.

Ons berig weer oor die Wêreldmerinokongres wat volgende jaar op Stellenbosch gehou word en doen 'n beroep op wolboere om dit te ondersteun. Dit sal aan plaaslike boere die geleentheid gee om skouers te skuur met medeboere en kenners uit ander wêrelddele.

Ten slotte wens ons al ons lesers 'n wonderlike Kersgety toe en mag 2014 net voorspoed bring!

Onthou om die NWKV se Facebook-blad vir allerlei interessante nuusbrokkies te besoek.
Die skakel is https://www.facebook.com/pages/NWGA/679678912058277
Laat weet ons asseblief van gebeure wat in jou omgewing plaasvind of as jy van iemand weet wat ook die nuusbrief wil ontvang.
Kontak Ona Viljoen by 073 500 7520 of stuur 'n e-pos aan nwga@nwga.co.za of ona@agriconnect.co.za.

## Inhoud / Content


1. Moontlike geval van Slenkdalkoors in Oos-Kaap
2. Markoorsig
3. Bestuurskalender vir Desember en Januarie
4. NWKV-bestuurslid help geld insamel vir Noordwes-boere
5. World Merino Conference
6. Bek-en-klou-status binnekort bekend
7. Veldramklubs vaar goed
8. Grootfontein streamlines curriculum
9. Styging in vetwoluitvoer
10. Agri SA's submission on fracking
11. NWGA programme for 2014

## [1] Moontlike geval van Slenkdalkoors in Oos-Kaap

Skaapboere is gewaarsku om hul diere dringend teen Slenkdalkoors in te ent ná ’n moontlike uitbreking van die siekte op ’n plaas in die Cradock/Somerset-Oos-omgewing.

Dr Johan van Rooyen, veterinêre spesialis by Grootfontein se Landou-ontwikkelingsinstituut, sê hoewel die siekte nog nie bevestig is nie, moet boere nietemin versigtig wees wanneer hulle siek diere hanteer.

Hy het ’n dringende beroep op boere gedoen om diere onmiddellik in te ent.

**Vir navrae skakel dr Van Rooyen by 082 463 3087.**

## [2] Wolmark sluit op rekordvlak


Boere wat op die laaste veiling voor die Kersreses wol verkoop het, het ’n Kersgeskenk ontvang toe die markaanwyser tot ’n rekordvlak gestyg het en op R117,36/kg (skoon) gesluit het. Dit is nie net die hoogste vlak in meer as 20 jaar nie, maar is ook 15,1% hoër as die openingsvlak van die seisoen (kyk **Grafiek 1**).

In Australië het die aanwyser verlede week tot op sy hoogste vlak in 18 maande gesluit voordat dit op die laaste week van veilings effens teruggesak het vanweë die groot aanbieding van meer as 57 000 bale (kyk **Grafiek 2**).


Ontleders voorspel dat die goeie vraag na wol in 2014 sal voortduur te midde van kommer oor die beskikbaarheid van veral medium wol (19 tot 22 mikron) en aanduidings van beter ekonomiese groei in baie verbruikerslande. Dit is veral die beter vraag uit Europa wat die mark ’n hupstoot gegee het, hoewel uitstekende vraag ook uit China ondervind word.

Die jongste ekonomiese data uit China toon dat ekonomie in die drie maande tot September met 7,8% gegroei het, wat beter is as vir dieselfde tydperk die vorige jaar. Dit is deels aangevuur deur die groter vraag na Chinese produkte uit sleutelmarkte soos die VSA en die Europese Unie. China se uitvoer vir November het ook ’n stewige styging getoon.

Sommige ontleders wys daarop dat wolpryse steeds styg, terwyl die pryse van katoen, poliëster en ander kunsvesels die afgelope tyd onder druk gekom het en afwaarts begin neig het. Dit kan wol se mededingendheid onder druk plaas.



Grafiek 1: Merino-aanwyser



Grafiek 2: Australiese aanwyser

## [3] Bestuurskalender vir Desember en Januarie

Die NWKV se produksie-adviesdiens stel elke tweede maand ’n program van belangrike bestuursaksies saam as ’n bestuurshulpmiddel vir veeboere.

Die bestuursprogram vir die somerreënvalgebiede vir Desember en Januarie kan van die NWKV se webblad afgelaai word deur op http://bit.ly/18jmtdb te klik.

## [4] NWKV-bestuurslid help geld insamel vir Noordwes-boere



NWKV-bestuurlid Casper Labuschagne van Jamestown en 'n paar vriende het reeds duisende rand in droogtehulp vir boere in Noordwes ingesamel nadat hulle besluit het om 'n Facebook-blad, Noordwes Droogtehulp, te stig om dié boere by te staan.

Casper hoop dat meer wolboere ook sal aansluit en donasies sal maak.

Die groep is op 28 November op inisiatief van 'n vriend wat in China werk, maar vriende in Noordwes het, gestig. Binne twee dae het 7 000 mense aangesluit. Teen 9 Desember het hulle reeds R218 000 en voer ter waarde van R300 000 ingesamel.

Een van die bydraers is Margaret Swyles, 'n pensioenaris van Noorweë wat Noordwes onlangs besoek het en geskok was oor die toestande daar.

"Dit gaan so sleg dat boere pasgebore kalwers se kele afsny omdat die koei sal vrek as sy moet soog. Baie boere moes tot 70% van hulle kuddes verminder," sê Casper.

**Bydraes kan in Agri Noordwes se bankrekening inbetaal word. Die bankbesonderhede is: Agri NW, Absa Lichtenburg, takkode 632005, rekeningnommer: 990142955 (tjekrekening). Skakel Casper by 084 516 6722 vir meer inligting.**

## [5] World Merino Conference

Merino 2014
South Africa 29 April - 1 May 2014

Industry leaders appealed to woolgrowers to attend the 9th World Merino Conference that will take place in Stellenbosch at the end of April next year. Merino breeders and experts from all over the world are expected to attend.

Local en international speakers will deliver presentations about various subjects, including sheep welfare, holistic Merino farming practices, finding alternative and new uses for wool and marketing wool to new users, and selecting and breeding parasite-resistant sheep.

For more information contact Francois van der Merwe, chairman: Merino 2014, at **082 557 3849**, or e-mail **francois@merino2014.com**, or visit **www.merino2014.com**.

*Read more about the conference in our December issue of* **The Wool Farmer.**





## [6] Bek-en-klou-status binnekort bekend

Die internasionale organisasie vir dieregesondheid (OIE) sal vroeg in Februarie bekend maak of Suid-Afrika sy bek-en-klouseer-vrye status gaan terugkry, wat hy in 2011 verloor het met die uitbreking van die siekte.

Dr Bothle Modisane, hoof van dieregesondheid van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye, het gesê 'n hersiene dossier oor die stand van bek-en-klouseer in die land is in September aan die OIE gestuur om dié status te herevalueer.

Die dossier bevat bykomende inligting wat die OIE benodig maar nie ingesluit of nie duidelik genoeg was in 'n vorige aansoek nie. Die OIE het die land verlede maand besoek vir 'n inspeksiebesoek.

## [7] Veldramklubs vaar goed

By die Hoëveld en Mpumalanga Merinoveldramklubs is daar tans nege telers betrokke wat jaarliks sowat 180 ramme inskryf. Die ramme word op die oomblik op 'n plaas naby Volksrust aangehou.

Innames word in die lente en herfs gedoen. Daar is tans drie groepe ramme op die plaas – 2012 se lente-inname en 2013 se herfs- en lente-innames. Dit beteken dat daar altesame 165 ramme op die plaas is.

Die keuring is baie streng en die doelwit is om minstens 40% van die ramme wat ingeskryf word op die klub se twee veilings aan te bied. Sowat 40 ramme sal op die veiling van 15 Januarie by die Amersfoort Gholfklub aangebied word. Die tweede veiling word in Julie op Ermelo gehou waartydens sowat 25 ramme aangebied sal word.

Keuring geskied volgens die hand-en-oogmetode en volgens syfers. Die toetsperiode om syfers te verkry, is sowat 200 dae. Die ramme word maandeliks geweeg en kundiges word ook van tyd tot tyd gevra om die ramme met hand en oog te keur. Die data word deur die NWKV-kantoor op Ermelo verwerk.

Die NWKV bedank Molatek, Zoëtis en Virbac vir hul borgskap van die klubs.



# [8] Grootfontein streamlines curriculum

Grootfontein Agricultural College has announced that it has revised its curriculum for 2014 for the three-year agricultural diploma course.

This follows wide consultations and discussions with farmers, industry organisations, agri-businesses and alumni.

Unnecessary and irrelevant aspects were eliminated and replaced with new concepts and modules to streamline the curriculum and make it more purposeful. The mode of instruction will also be adapted to a facilitative approach to ensure that the students use the opportunity to develop all the skills and competencies needed to be a successful and sustainable farmer.

The focus of the diploma at National Qualifications Framework level 6 (NQF6) remains small stock production in the extensive small-stock producing areas of South Africa. The four training departments are Animal Production, Pastures and Crops, Agricultural Economy and Agricultural Technical Skills. Within each of the departments there are a number of lines and sub-lines to allow for focus on certain fields.

This process also laid the foundation for Grootfontein to offer a B.Agric degree as from 2015 in co-operation with the University of the Free State.



# [9] Styging in vetwoluitvoer



Vetwoluitvoer na China en die Tsjeggiese Republiek, die twee grootste invoerders van onverwerkte wol uit Suid-Afrika, het in die eerste vier maande van die huidige seisoen aanmerklik gestyg.

Van Julie tot Oktober vanjaar is 5,8 miljoen kg vetwol na China verskeep teenoor 4,8 miljoen verlede seisoen, terwyl die Tsjeggiese Republiek se invoer van 1,4 miljoen kg tot 2 miljoen kg toegeneem het.


Italië, 'n belangrike kliënt in Europa, het ook aanmerklik meer wol ingevoer, wat 'n aanduiding is dat saketoestande in Europa besig is om te verbeter.

Vetwoluitvoer na Italië het met 79% gestyg, terwyl die volume verwerkte wol (gewas en gekam) wat daarheen verskeep is met 120% toegeneem het.

Bestellings uit Indië, 'n ander belangrik vetwolinvoerder, het egter met 12% teenoor die vorige seisoen gedaal.

Egipte, waar die verwerkingsreus Schneider einde 2010 'n verwerkingsaanleg opgerig het, is ook besig om stadig maar seker meer vetwol uit Suid-Afrika in te voer. Verskepings daarheen het in die eerste vier maande van dié seisoen met 110% gestyg.

# [10] Agri SA's submission on fracking



Agri SA submitted commentary to the Department of Mineral Resources (DMR) on the proposed regulations regarding petroleum (shale-gas) exploration and exploitation. The organisation liaised with independent researchers to support its submission.

The organisation requested the DMR that shale-gas development be, among others, subjected to:


- Research into the potential effect of hydraulic fracturing (fracking) on the underground water resources to be conducted simultaneously with the proposed exploration-drilling phase.
- Codes of best practice to be developed and implemented, which should include full public disclosure of all chemicals/fluids to be used in the process, together with their hazard status.
- The development of a new legislative and regulatory framework dispensation, also with a view to involving interested and affected parties in shale-gas exploration policy development.
- Adequate security be provided to landowners to provide for compensation for any damages (directly/indirectly/consequential) sustained as a consequence of the proposed drilling/fracking activities.
- Compensation be paid to each landowner for the inconvenience caused and disruption of farming operations by drilling operators on his/her property.


**Maximise return on your investment.**


**100% targeted communication to ALL wool producers and stakeholders!**

Wool producers must make money. With this in mind *Wolboer/Wool Farmer* print and digital magazine is the only dedicated and 100% targeted publication for the South African Wool Industry and is the official voice of the NWGA.

Advertising your **products, services and auctions** will give you maximum exposure and targeted media coverage. Your message is sent to thousands of farmers, wool producers, and industry stakeholders. We make it simple to get your message out quickly and effectively.



Contact Lizandre van Rooyen and her team to discuss targeted advertising solutions to suit you.
012 843 5709 /
072 601 7155



**Targeted audiences / Targeted content / Targeted solutions**

# [9] NWGA programme for 2014

**Eastern Free State regional meetings**

4 March: Warden. Contact Cobus de Jager (NWKV) at 083 629 9611 and Nelius Ferreira (RPO) at 082 316 3108.
5 March: Vrede. Contact Jacques Prinsloo at 082 453 2149 and Nelius Ferreira at 082 316 3108.
6 March: Heilbron. Contact Nollie Steyn at 082 371 6940 and Isabel Kruger at 083 292 1604.
11 March: Senekal. Contact Gert Heyns at 082 571 5458, Eksteen Durow at 083 305 1837 and Neville Raath at 072 040 3541.

For further enquiries, contact Elmarie at the Harrismith office at 058 622 1511 or Bom Louw on 082 652 2243.

**Western Cape meetings**

18 February: Regional meeting (Bredasdorp)
19 February: Regional meeting (Heidelberg)
25 February: Regional meeting (Moorreesburg)
26 February: Regional meeting (Philadelphia)
11 March: NWGA executive meeting (members only)
15 April: Regional meeting (Prince Albert Station)
16 April: Regional meeting (Nelspoort/Kruidfontein)
19 September: NWGA executive (midyear) meeting (members only)

For further enquiries, please contact Tania Lusse at 028 212 3160 or Abraham Landman at 071 600 1990.

**Free State regional meetings**

12 March: Bothaville. Region 5 (Nic Malan) and Region 6 (Jorrie Jordaan) – Bothaville
13 March: Bultfontein. Regions 7 and 8 (Nico Marx) – Bultfontein
18 March: Dewetsdorp. Region 11 (Schalk Jacobs, 082 057 4769) and Region 13 (Gerrie van der Walt, 082 388 4061, Isak Wessels, 082 400 5753 and Koot Roos, 083 276 4721)
19 March: Philippolis. Region 10 (Dennis Louw) and Region 12 (Christo Marais) and Region 14 (DG Snyman)

For further enquiries, contact Mariëtte Watson at 051 447 3023 or Jan-Louis Venter 083 650 1131.

**National congress**

28 and 29 May: Pine Lodge Resort, Port Elizabeth

For further enquiries, contact Patti Myburgh at NWGA head office at 041 365 5030.

**Eastern Cape congress**

18 March: Executive meeting prior to congress
19 March: Eastern Cape annual congress
16 September: Eastern Cape midyear meeting (Eastern Cape executive only)
5 November: Eastern Cape Predation Management Forum (PMF) meeting

For further enquiries, contact Lynette at the Middelburg office 049 802 6756 or Juan Venter at 079 693 1953.

**Northern Cape congress**

11 February: Executive meeting prior to congress
12 February: Northern Cape annual congress

For further enquiries, contact Chrisna at the Carnarvon office at 053 382 3020 or Gawie van Wyk at 083 270 3161.

**KwaZulu-Natal regional meetings**


4 February: Groenvlei/Paulpietersburg (morning)
4 February: Dundee (afternoon)
5 February: Bergville (morning)
5 February: Mooirivier (afternoon)
6 February: Swartberg

For further enquiries, contact Elmarie at the Harrismith office at 058 622 1511 or Bom Louw at 082 652 2243.

**Mpumalanga**

4 February: Shearing championships, Ermelo show grounds
8–11 September: Regional meetings (districts to still be determined)

For further enquiries, contact Elize at the Ermelo office at 017 819 3183 or Jacques Jansen van Vuuren at 083 235 5467.






Dedré Nel, the daughter of a Free State Merino farmer, was awarded the NWGA's annual trophy at the declaration ceremony of the University of Pretoria held last month. The trophy is awarded to the student who performs best in the small stock course. The criteria taken into account are sustained acceptable academic performance in the small stock course, high standard of practical application of knowledge related to small stock, special interest in small stock, a small stock background, and participation in a small stock elective. Pictured here with her is Emeritus Professor Gareth Bath from the Faculty of Veterinary Sciences at the University of Pretoria.







rethink.revive
www.simonsays.co.za | 5586
www.bkb.co.za
BKB Limited - Registered Credit Provider - NCRCP2545
Tel: 041 503 3111
BKB, the market leader, continuously strive to leave the widest and the deepest small stock footprint in the country. The welfare of fibre growers is our prime objective, and therefore, we aim to provide an effective service through highly skilled and knowledgeable technical and shearing advisors. Our focus is on sustainable small stock farming. It is no secret that BKB put a great deal of effort into strengthening a mutually beneficial alliance with you on a daily basis.
Receive unlimited benefit through this and BKB's full range of agri-products and services.
Contact BKB AgriFin for your tailor made financing solutions.
Speak to us today.
BKB AgriFin
Home of Agriculture
wool & mohair | grain | livestock | properties | trading | financial services
BKB